

Dinsdag 17 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-18

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12, 13

Erken diegene wat leiding gee in die kerk van die Here

Dit is verbasend dat die apostel Paulus en sy medewerkers Silvanus en Timoteus in die bedrywige hawestad Tessalonika, met sy ongeveer 100 000 inwoners, daarin kon slaag om binne enkele weke 'n gemeente van Christus op die been te bring (Hand. 17). En, soos orals, ook leiers aan te wys om die gemeente op die regte pad te lei (Hand. 14:23). Hy het die Joodse sinagoge besoek en talle Jode en godvresende Grieke het sy boodskap van Christus wat moes ly en uit die dood opstaan, aanvaar. Afgunstige Jode het egter 'n op-roer veroorsaak en Paulus en sy helpers moes uit die stad vlug. Spoedig hierna skryf Paulus 'n brief om die gemeente geestelik te versterk.

Een van die opdragte wat hy aan die gemeente gee, is om die leiers wat in die gemeen-te werk, te erken, hoog te ag en in vrede met mekaar te leef. Hierdie erkenning van die kerkleiers is egter nie 'n blinde erkenning wat altyd blinde gehoorsaamheid vra, al dwaal die leiers ook af en al doen hulle lelike en verkeerde dinge, nie. Nee, die leiers ontvang hulle opdrag immers van die Here, die *Here* is dus die eintlike leier in die kerk en die kerkleiers mag dus slegs doen wat die *Here* van hulle verwag. Wanneer hulle afdwaal en die gemeente op 'n dwaalspoor lei, moet God meer gehoorsaam word as die mens (Hand. 5:29).

Verder verdien die kerkleiers hoë agting, nie vanweë hulle as persone nie, maar van-weë hulle werk. Hulle werk is om die kudde van Christus teen dwaalleraars te beskerm, hulle in die geloof op te bou, hulle vir hulle dienswerk toe te rus en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Hier is dus twee vrae om te beantwoord. Aan die kerkleiers: Lei julle waarlik die kudde van Christus soos ware herders? En aan die gemeente: Ag julle jul leiers werklik as ware dienaars van Christus?

Sing: Psalm 33:1, 2 (1936/2001)

Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)